

GESKIEDENIS: KNELPUNTE EN GEVAARTEKENS

Daar is duidelike tekens dat die drie fondamentstene van die Afrikaanse volk swaar druk moet verduur en dit begin selfs krake toon. Hierdie toestand wek kommer en gee gelukkig aanleiding tot sterk reaksie en pogings om die knellende gevaartekens te verwyder of te verbeter.

Op die terrein van die godsdiens en die kerke is daar omstandighede wat kommer wek en daar word 'n opname gemaak van al die faktore wat om 'n vaste koers roep. Die radio-gesprekke oor die *Afrikaner en sy Kerk* is o.a. een bewys van die erns van die toestand.

Gedurende die afgelope twaalf maande is daar op verskillende groot byeenkomste 'n wekroep gehoor dat ernstige gevare die normale groei van die Afrikaanse taal bedreig. Sterk positiewe stappe word in die vooruitsig gestel om die knelpunte te verwyder.

Soos by die godsdiens en die moedertaal bedreig knellende omstandighede ook die Geskiedenis. Daar bestaan ernstige kommer oor die krimpende omvang van die invloed wat hierdie vak op die vorming van die burgers van die toekoms uitoefen. In die laerskole word die omvang en aard van die Geskiedenisleergange deur die Vaal- en Oranjeriviere en die Drakensberg bepaal. In Transvaal sal die leerlinge aan die hand van 'n doelgerigte nuwe leergang hulle Geskiedenislesse aanhoor want Sosiale Studies het vanaf 1966 nie meer 'n plek in die skole van die Transvaalse Onderwysdepartement nie. Elders in ons land wapper die vlag van genoemde vak nog lustig bokant baie skole.

Daar is honderd-duisende leerlinge in Suid-Afrika wat in standers 6, 7 en 8 niks of uiters min omtrent Geskiedenis leer. Hierdie reëlings word deur die betrokke onderwysowerhede van die verskillende provinsies en deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in 'n mindere of meerdere mate bepaal. In Transvaal is Geskiedenis 'n verpligte vak tot by st. 8 in alle skole van die provinsiale onderwysdepartement.

Daar is nie een onderwysdepartement aan die suidpunt van Afrika wat Geskiedenis tot by die st. 10-eksamen verpligtend maak nie. Weliswaar is daar 'n klein getal skole waar al die st. 10- of matrikulasieleerlinge Geskiedenis as 'n eksamenvak aanbied. Dit spruit gewoonlik voort uit die oortuiging en organisasie van die skoolhoof en die keuse wat die leerlinge maak. Hierdie aangeleentheid van die reëlings van die skoolhoof en die keuse deur die st. 9 en 10-leerlinge self, is van 'n deurslaggewende aard vir die huidige toestand omtrent die studie van Geskiedenis.

Wanneer die toestand van Geskiedenis in die onderwysinrigtings van ons land vanaf st. 1 tot 10 en na die Matrikulasie-eksamen nagegaan word,

is dit wenslik om die getalle in oënskou te neem wat Geskiedenis in st. 10 as 'n eksamenvak aanbied. Die volgende tabelle gee 'n aanduiding:

	1964			
	<i>Tvl.</i>	<i>O.V.S.</i>	<i>Natal</i>	<i>Kaap-land</i>
Totale getal st. 10-leerlinge	11,289	2,467	3,768	?
Totale getal st. 10-leerlinge wat Geskiedenis geneem het	5,908	1,241	2,115	?
Persentasie leerlinge wat Geskiedenis in st. 10 geneem het	52%	50%	56%	?
	1953			
Totale getal st. 10-leerlinge	3,666	1,136	733	5,131
Totale getal st. 10 wat Geskiedenis geneem het	2,332	851	347	3,395
Persentasie st. 10 Geskiedenis-leerlings	63%	74%	47%	66%

Daar is 'n daling in die persentasie leerlinge wat Geskiedenis vir die st. 10-eksamen aanbied soos dit uit die statistiek van die eksamens van 1953 en 1964 opgemerk kan word. In Transvaal het dit van 63% na 52% gedaal en in die Vrystaat van 74% na 50%. In Natal is 47% miskien foutief maar in 1964 was dit 56% wat ook die vermoede laat ontstaan dat die dalende tendens in die belangstelling van die jeug in Geskiedenis 'n ware toedrag van sake toon. Alhoewel die inligting van Kaapland vir 1964 nie verkry kon word nie, sal daar seker ook 'n dalende tendens getoon word waar dit 66% in 1953 was.

Wanneer die getal leerlinge van die twee taalgroepe wat Geskiedenis vir die st. 10-eksamen aangebied het afsonderlik in oënskou geneem word, is dit ontstellend om te sien hoe gevaarlik die belangstelling in Geskiedenis gedaal het. Dit geld veral vir leerlinge van Afrikaansmedium hoërskole.

In 1964 het in Transvaal 43% van die Matrikulante van Afrikaansmedium hoërskole Geskiedenis geneem; in die Vrystaat was die getal 52% en in Natal 24%.

In die Engelsmedium hoërskole was die persentasies die volgende: Transvaal 67%, Vrystaat 38% en Natal 46%.

Die persentasies in parallelmedium hoërskole toon die volgende: Transvaal 30%, Vrystaat 52% en Natal 42%.

Die volgende tabel toon die volledige inligting omtrent die getalle leerlinge wat Geskiedenis in 1964 in st. 10 geneem het:

<i>Leerlinge in Afrikaansmedium Hoërskole</i>	<i>Kaap-land</i>			
<i>vir Blankes</i>	<i>Tvl.</i>	<i>O.V.S.</i>	<i>Natal</i>	<i>land</i>
Totaal vir st. 10-eksamen	7,193	2,016	428	?
Totaal vir die st. 10-Geskiedeniseksamen	3,098	1,055	106	?
Persentasie st. 10-Geskiedenisleerlinge	43%	52%	24%	?
<i>Engelsmedium Hoërskole vir Blankes</i>				
Totaal vir die st. 10-eksamen	3,679	431	2,067	?
Totaal vir die st. 10-Geskiedeniseksamen	2,487	166	966	?
Persentasie st. 10-Geskiedenisleerlinge	67%	38%	46%	?

Parallelmedium Hoërskole vir Blankes

Totale st. 10-leerlinge	718	1,629	520	?
Totale st. 10-leerlinge vir Geskiedenis	222	861	222	?
Persentasie st. 10-Geskiedenisleerlinge	30%	52%	42%	?

Die skole waar almal die leerlinge in st. 10 Geskiedenis neem, toon oog interessante syfers. In 1964 was daar in Transvaal sewe Afrikaansmedium hoërskole waar almal die st. 10-leerlinge Geskiedenis as eksamenvak aangebied het, in die Vrystaat was daar een en in Natal nul.

In Transvaal was daar in 1964 drie Afrikaansmedium hoërskole wat nie matrikulante vir die Geskiedeniseksamen gehad het nie en in Natal was daar vier.

Die volgende tabel gee die volledige inligting:

<i>Afrikaansmedium Hoërskole vir Blankes</i>	<i>Tvl.</i>	<i>O.V.S.</i>	<i>Natal</i>	<i>Kaapland</i>
Getal wat leerlinge vir die st. 10-eksamen ingeskrywe het	109	7	5	?
Getal wat leerlinge vir Geskiedenis in st. 10-eksamen ingeskrywe het	106	7	1	?
Getal waar almal die st. 10-leerlinge Geskiedenis geskrywe het	7	1	—	?
Getal wat nie Geskiedenisleerlinge ingeskrywe het nie	3	—	4	?

Wanneer hierdie aangeleentheid in die Engelsmedium hoërskole nagegaan word, blyk dit dat daar in 1964 in Transvaal 12 hoërskole was waar almal die leerlinge Geskiedenis vir die st. 10-eksamen aangebied het, in die Vrystaat een en in Natal 4 hoërskole.

Dit is ook belangrik om te weet dat daar verlede jaar nie 'n enkele Engelsmedium hoërskool in Transvaal was wat nie st. 10-leerlinge vir die Geskiedenis-eksamen ingeskrywe het nie. In die Vrystaat was daar twee en in Natal sewe.

Die volgende tabel toon die volledige inligting:

<i>Engelsmedium Hoërskole vir Blankes</i>	<i>Tvl.</i>	<i>O.V.S.</i>	<i>Natal</i>	<i>Kaapland</i>
Getal wat leerlinge vir die st. 10-eksamen ingeskrywe het	52	10	36	?
Getal wat leerlinge vir die st. 10-Geskiedenis-eksamen ingeskrywe het	52	8	29	?
Getal waar almal die st. 10-leerlinge Geskiedenis-eksamen geskrywe het	12	1	4	?
Getal wat nie Geskiedenisleerlinge vir st. 10 ingeskrywe het nie		2	7	?

Die parallelmedium hoërskole toon ook interessante inligting omtrent die getal skole waar almal die leerlinge Geskiedenis vir die st. 10-eksamen geneem het. Die volgende tabel gee die volledige inligting:

<i>Parallelmedium Hoërskole vir Blankes</i>	<i>Tvl.</i>	<i>O.V.S.</i>	<i>Natal</i>	<i>Kaapland</i>
Getal wat leerlinge vir st. 10 ingeskrywe het	10	70	12	?
Getal wat Geskiedenis-leerlinge ingeskrywe het	10	66	12	?
Getal waar almal Geskiedenis geneem het	1	17	—	?
Getal wat nul leerlinge vir Geskiedenis ingeskrywe het	—	4	—	?

Daar behoort besondere aandag gegee te word aan die getal hoërskole waar almal die leerlinge Geskiedenis as 'n eksamenvak aangebied het. Dit toon o.a. dat die leerlinge Geskiedenis kan neem sonder om in hulle verdere studie benadeel te word. Die ouers en die leerlinge het berus by die reëlings van die skool om Geskiedenis verpligtend vir almal die leerlinge te maak. Dit lewer ook die bewys dat die bewering nie waar is nie dat bepaalde leerlinge nie die anleg of studiepotensialiteite besit om Geskiedenis tot st. 10 te neem nie.

Hierdie groot getal leerlinge wat Geskiedenis in die verskillende provinsies as 'n matrikulasie-eksamenvak aanbied, is van besondere belang in verband met die vraagstuk om Geskiedenis vir alle leerlinge tot by st. 10 verpligtend te maak. In die praktyk is die bewys by verskillende skole gelewer dat dit met welslae gedoen kan word.

Dit is van eweveel belang om ernstige aandag te gee aan die aansienlike getal hoërskole waar nie een leerling Geskiedenis as 'n eksamenvak aangebied het nie. Hierdie toestand dui daarop dat dit vir die leerlinge onmoontlik gemaak word om Geskiedenis in die st. 10-eksamen aan te bied. Die betrokke instansies wat die vakkeuse in die hoërskole reël, is in 'n groot mate vir die toestand verantwoordelik. Daar mag ook ander redes wees waarom leerlinge nie van Geskiedenis in st. 10 hou nie.

Alhoewel dit beklemtoon word dat die ouers verantwoordelik is vir die vakkeuse, is dit die leerlinge self wat die keuse maak. Aangesien baie leerlinge nog nie die visie en kennis besit om die waarde van Geskiedenis vir die vorming van die individu te bepaal nie, word hierdie belangrike vak in baie gevalle agterweë gelaat.

Die populariteit van vakke soos Natuurwetenskap, Wiskunde en sommige handelsvakke is ook verantwoordelik vir die knellende en gevaarlike toestand dat duisende toekomstige burgers nie Geskiedenis vir die st. 10-eksamen aanbied nie. Hierdie kritieke toestand kan en sal gewis sy nadelige gevolge op die samelewing in die toekoms toon. Dit sal waarskynlik 'n boemerang wees vir die huidige lewensfilosofie om net materiële vooruitgang te beklemtoon ten koste van die geestelike waardes en kragpunte van die volk.

Baie leerlinge is onwillig om Geskiedenis as 'n eksamenvak vir st. 10 aan te bied omdat die Geskiedenisvraestelle soms so moeilik is en daar nie maklik hoë punte en onderskeidings behaal kan word nie. Hier tree die eksameneuwel werklik op die voorgrond en dit maak die leerlinge onwillig om hierdie belangrike vormingsvak te neem. Hierdie vrees vir die eksamen tree reeds in die laerskole op die voorgrond. Geskiedenis word skade aangedoen omdat die middel 'n doel op sigself geword het. Elke leerling hou van 'n verhaal en as Geskiedenis op die regte manier aangebied en behandel word, sal alle leerlinge daarvan hou.

Die eksamen aan die end van die jaar behoort vanaf st. 1 tot 10 nie te drasties te wees nie. Die werk, doelstelling en studiemetodes gedurende die jaar moet aan die end van die jaar ook aandag geniet.

Om die bevordering te bepaal behoort die eindeksamen 40% te tel, toetse en meting gedurende die jaar 40% en die mondelinge antwoorde gedurende die jaar en desnoods ook nog aan die end van die jaar 20%.

Die werk van st. 9 behoort aan die end van daardie jaar ge-evalueer te word en moet dan nie in st. 10 herhaal word nie.

Daar behoort 'n begin gemaak te word om die moontlikhede te ondersoek hoe die st. 10- of Matrikulasie-eksamen geheel en al 'n interne eksamen kan wees. 'n Vak soos Geskiedenis sal dan beter tot sy reg kom en van groter waarde vir die leerlinge wees.

Die vooruitgang in die moderne Opvoedkunde en die studie van Geskiedenis bring ook mee dat verbeteringe behoort aangebring te word in die metodes van meting en evaluering. Dit geld vir Geskiedenis sowel as vir alle studievakke.

As dit op die terrein van die Matrikulasie-eksamen bewerkstellig moet word, sal die vereistes wat die Gemeenskaplike Matrikulasie Raad stel ook by die moderne vooruitgang op die terrein van die opvoedkundige evaluering aangepas behoort te word. Hierdie Raad wat 'n statutêre liggaam is en omstreeks 1916 tot stand gekom het, het in die afgelope vyftig jaar baie waardevolle diens gelewer deur 'n konstante norm of standaard vir die Matrikulante van die hele Suid-Afrika daar te stel. Na 'n periode van ongeveer 50 jaar kan daar seker nou oorweging geskenk word aan 'n studie van die moontlike veranderde prosedure by evaluering en meting veral met die oog op toelating tot die Universiteite.

In hierdie verband behoort die beginsel of beleid van differensiasie ook by die bepaling van die vereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasie Raad in aanmerking geneem te word.

Vir Geskiedenis sal die toepassing van die beginsel van differensiasie besondere voordele inhou en dit sal vir die st. 9 en 10-leerlinge baie waardevol wees. Die leerlinge word dan geëvalueer in ooreenstemming met hulle aanleg en ingebore potensialiteite. Die omvang en inhoud van die voorgeskrewe werk word op 'n hoër en 'n laer vlak volgens die studie-aanleg en breinkrag van die leerlinge saamgestel. Dit stem ooreen met en

skakel in by die eksamen op 'n hoër en 'n laer graad by die twee amptelike tale.

Die beleid van differensiasie in die evaluering van Geskiedenis word reeds die afgelope paar jare deur die Transvaalse Onderwysdepartement toegepas wat in die praktyk daarop neerkom dat twee vraestelle beantwoord moet word. Die een is vir die Universiteitstoelatingseksamen en die ander vir die skoolleind- of st. 10-kursuseksamen.

Aangesien dit prakties uitvoerbaar is om Geskiedenis volgens twee vraestelle te evalueer, bied dit die moontlikheid om te oorweeg en te bestudeer hoe Geskiedenis as 'n st. 10-vak verpligtend gemaak kan word. Dit word dan saam met die twee amptelike tale op 'n hoër en 'n laer graad bestudeer en getoets. Die ander drie (of vier) vakke vir die st. 10- of Matrikulasie-eksamen word dan deur die leerlinge gekies in ooreenstemming met hulle studietoekers op die terreine van die natuur- of geesteswetenskappe, handel, argitektuur, ens.

Geen st. 10-leerling word daardeur aan bande gelê of in die studietoekers benadeel nie. Bowaal skep dit die moontlikheid dat alle toekomstige burgers die voordeel van die onderrig in Geskiedenis sal verkry. Hierdie studie, kennis en vorming van die Suid-Afrikanners sal van onskatbare waarde vir die burgers van Suid-Afrika wees.

Wanneer Geskiedenis as 'n verpligte vak tot by st. 10 voorgeskrywe word, sal dit die wispelturige en twyfelagtige prosedure by die vakkeuse uitskakel wanneer Geskiedenis teenoor een of ander skoolvak gestel word. Die feit dat leerlinge 'n vakkeuse moet maak, terwyl hulle nog geen kennis of visie van die vormingswaarde daarvan het nie, sal elimineer word wanneer die vak op 'n laer of hoër graad deur almal geneem moet word.

Hierdie aangeleentheid om Geskiedenis as 'n verpligte vak vir die Matrikulasie-eksamen te verkry, het reeds wye belangstelling en ondersteuning by onderwysers sowel as lede van die breë publiek ontvang. Hier kan o.a. gemeld word dat die Transvaalse Onderwysersvereniging en die kongres van die Nasionale Party in Transvaal met 'n groot meerderheid van stemme in 1963 besluit het dat Geskiedenis 'n verpligte vak tot by st. 10 behoort te wees. Hierdie saak behoort verder bestudeer te word sodat die moontlikhede deur wetgewing bepaal kan word.

Dit is noodsaaklik en uiters wenslik dat Geskiedenisonderrig by Onderwyskolleges voortdurend besondere aandag behoort te geniet. Dit moet aansluit by die moderne eise van die Opvoedkunde en die vooruitgang op die terrein van die uitgebreide studie van Geskiedenis. Dit behoort nie net aandag te geniet t.o.v. die aard van die mtodiek by die onderrig van Geskiedenis nie maar ook in verband met die inhoud en omvang van die vak, soos dit aan die jeug in die skole onderrig moet word. Die aspirant-onderwysers behoort baie duidelik te besef dat eksaminering en evaluering 'n middel en nie 'n doel is nie. Die inhoud van die vak moet die leeu-aandeel by die voorbereiding van die aspirant-onderwysers ontvang.

Wanneer die toekomstige onderwysers goed toegerus t.o.v. die doelstelling, die inhoud en die evaluering van Geskiedenis na hulle skole gaan, bestaan daar 'n groot moontlikheid dat daar reg aan die vak sal geskied en dat die waardering van die verlede van groot waarde vir beide onderwysers en leerlinge sal wees. Dit sal verseker dat beide onderwysers en die jeug plesier en genot sal put uit die onderrig en studie van Geskiedenis.

Waar die beginsel aanvaar is dat elke individu wat baat kan vind by universiteitsopleiding, dit behoort te ontvang en dit deur die staat moontlik gemaak behoort te word, is die studie van Geskiedenis 'n belangrike saak. Hierdie beleid is deur die huidige Minister van Onderwys in die openbaar beklemtoon. Die Robbins-kommissie wat onlangs in Engeland sekere aspekte van die onderwys aan die universiteite noukeurig ondersoek het, het die noodsaaklike onderrig en vorming van meer studente aan die universiteite beklemtoon en ingrypende verbeteringe aanbeveel. Geskiedenis behoort aan die universiteite veral besondere aandag te geniet want die toekomstige leiers van die volk en die hoërskoolonderwysers behoort 'n universitêre opleiding in Geskiedenis te ontvang. As daar moeilikheid met die studie van Geskiedenis aan die hoërskole ondervind word, sal dit die taak van die universiteite ook in die gedrang bring. Daar sal moontlik min studente by die universiteite opdaag wat Geskiedenis sal studeer.

Aangesien daar nou finaliteit bereik is omtrent die st. 10-kernleergang vir Geskiedenis vir die hele Republiek, is dit seker ewe noodsaaklik dat almal wat daarby belang het, ingelig behoort te word omtrent al die vereistes van eksaminering en evaluering van die vak sodat die lofwaardige doelstellinge in verband daarmee verwesenlik kan word.

Die kernleergang vir st. 9 en 10 sal meebring dat die leergange van standerds 6, 7 en 8 daarby aangepas behoort te word. In 'n mate sal die leergange van standerds 1 tot 5 ook hernieude aandag behoort te geniet.

Dit is wenslik dat almal die betrokke onderwysdepartemente sal saamwerk in die bepaling van die leergange vanaf standerds 1 tot 8. Daar is derhalwe 'n goeie geleentheid om die groot verskeidenheid van leergange vir Geskiedenis in die Republiek van Suid-Afrika te verbeter in belang van hierdie waardevolle vak. Dit is 'n groot faktor in die vorming van die burgers van die toekoms.

By die studie van Geskiedenis moet hierdie vak nie net as 'n gewone skoolvak beskou word nie. Geskiedenis vorm saam met die Godsdiens en die Moedertaal een van die drie fondamentstene van die volksgebou van elke nasie. Daarom behoort dit deur die Minister van Onderwys oorweeg te word om 'n breë kommissie aan te stel om die toestand van Geskiedenis in die Republiek van Suid-Afrika te bestudeer en aanbevelings te doen hoe om hierdie belangrike vak vir die vorming van die volk in alle skole in ere te herstel. 'n Persoon wat nie die Geskiedenis van sy Vaderland ken nie, is soos 'n persoon wat aan geheue-verlies ly of soos 'n slaapwandelaar.

Die woorde van President Kruger moet in die volkslewe werklikheid word om die beste uit die verlede te neem en die toekoms daarop te bou.

Dr. J. J. van Tonder.

Nota

Die volgende inligting is op 7 September 1965 uit Kaapstad van die Departement van Onderwys van die Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop ontvang:

1964	
(a) Totale aantal leerlinge (Blankes) van Kaapland wat die Kaapse Senior Sertifikaat-eksamen afgelê het	7,383
(b) Totale aantal leerlinge (Blankes) wat Geskiedenis as vak aangebied het	4,165
(c) Persentasie leerlinge wat Geskiedenis in st. 10 geneem het	56%
(d) Aantal kandidate by verklaarde Afrikaansmedium hoërskole	744
(e) Die getal in (d) genoem wat Geskiedenis as eksamenvak aangebied het	447
(f) Getal in (e) genoem wat Geskiedenis aangebied het as persentasie	60%
(g) Aantal kandidate by verklaarde Engelsmedium hoërskole	584
(h) Aantal in (g) genoem wat Geskiedenis as eksamenvak aangebied het	363
(i) Getal in (h) genoem as persentasie	62%
(j) Getal kandidate by parallelmedium en dubbelmedium hoërskole	5,879
(k) Getal by (j) wat Geskiedenis vir die st. 10-eksamen aangebied het	3,355
(l) Getal by (k) genoem as persentasie	57%
(m) Daar was 15 parallelmedium hoërskole wat nie kandidate vir Geskiedenis ingeskrywe het nie.	
(n) Almal die verklaarde Afrikaansmedium en Engelsmedium hoërskole het Geskiedenis as st. 10-eksamenvak aangebied.	
(o) Daar is altesaam 214 Departementele hoërskole in Kaapland. Die getal Afrikaansmedium en Engelsmedium hoërskole word nie afsonderlik vermeld nie.	